*Scriptura* 13 (1984)pp 8-20

# BYBELKUNDE OP UNIVERSITEIT AS 'N VORMENDE WETENSKAP

*Wentzel van Huyssteen*
*Departement Bybelkunde*
*Universiteit van Port Elizabeth*
*6000 Port Elizabeth*

*Abstract* - *Biblical Studies as a formative humanorum at university*

The position of Biblical Studies as a university sub= ject is often questioned because of a basic misunder= standing of its academic status. Although it is a "dependent" discipline, as "applied theology" it has a functional identity of its own. It can take its rightful place in the university once it is accepted that working from a specific basic commitment need not impair the scientific credibility of the biblical scholar's work. At the same time there should be a critical awareness of the methodological presupposi= tions and paradigms being employed. The article discusses at length the various conditions to be met by Biblical Studies in order to function as a forma= tive science at university level.

* * *

"My present situation is always one where I possess a finite, temporal horizon within which all that I encounter - persons, texts, images, events, symbols - have their initial meaning for me. To stay in that horizon by refusing the risk of interpreta= tion of the classics of the tradition - in the manner of authoritarian theologies of mere repetition and reconstruction - is to hand myself and my tradition over to the dustbin of history." (David Tracy, *The Analogical Imagination: Christian Theology and the Culture of Pluralism*, New York 1981, p 103.)

Bybelkunde het as vak aan ons Suid-Afrikaanse universiteite gedurende die afgelope twee dekades 'n aanvaarde instelling geword. Tog sal die meeste Bybelkundiges erken dat hulle dikwels deur een van die volgende faktore bedreig voel: òf Bybelkunde - departemente leef in die skadu van meer omvattende teologiese

fakulteite wat hulle dan byna angsvallig probeer óf tevrede stel, òf vermy - met die uiteindelike verlies van 'n eie skerp afge= bakende selfbeeld en definitief geformuleerde doelstellinge; òf Bybelkunde raak so verstrik in ons pluralistiese Suid-Afri= kaanse gemeenskap en kultuur dat dit as universiteitsvak òf enersyds vervaag tot een of ander breë vorm van godsdiensweten= skaplike algemene deler, òf andersyds leef vanuit 'n soort fatalistiese aanvaarding van 'n universitêr gesproke redelik marginale bestaan, wat wetenskapsteoreties slegs te verklaar is vanuit die piëteit van ons oorwegend christelike samelewing vir die persoonlike oortuigings van sommige dosente, en die daarmee korrelerende private godsdienstige keuses van ewe oortuigde studente.

Dit is my oortuiging dat Bybelkunde sowel hierdie tipe 'sub-rasionele' gesigloosheid as esoteriese privatisme kan vermy deur 'n omvattende teoretiese strategie waarin nie alleen die spesi= fieke identiteit van die vak Bybelkunde omskryf kan word nie, maar waarin ook die aanspraak van die christelike geloof op waarheid bewustelik geartikuleer kan word. (Tracy, 1981:xi).

Eers wanneer dit gebeur, kan van Bybelkunde as 'n 'vormende wetenskap aan die universiteit' sprake wees. Dit is daarom verder my oortuiging dat die vak Bybelkunde identifiseerbaar én doseerbaar word pas wanneer dit vanuit 'n bewustelik geformuleer= de religieuse grondoortuiging plaasvind. Hiertoe is die Bybel= kundige natuurlik intellektueel eers in staat wanneer hy wetenskapsfilosofies bevry is van die gedateerdheid en agter= haaldheid van die positivistiese ideaal van 'waardevrye' en sg. ware 'objektiewe' onderrig.

Ek sou dit ook as volg wou stel:

1 *Bybelkunde is as vormende wetenskap moontlik wanneer Bybel= kundiges verantwoord insien dat denke vanuit 'n spesifiek verantwoorde grondoortuiging geensins wetenskaplik ongeloof= waardig is nie.* Die Bybelkundige - hetsy Ou-Testamentikus, Nuwe-Testamentikus of Sistematikus - is outentiek besig nie slegs wanneer hy krities, oplettend, intelligent, rasioneel en verantwoordelik met sy stof omgaan nie, maar ook wanneer hy besef dat krities-wetenskaplike denke nie beteken dat hy homself in gewaande 'objektiwiteit' en 'rasionaliteit' van sy godsdienstige grondoortuiginge en sy geloofsbinding hoef los te maak nie. (Van Huyssteen 1984(a):4v).

2 *Bybelkunde is as vormende wetenskap moontlik wanneer Bybel= kundiges vanuit 'n spesifieke probleembewussyn vra na die*

*metode- en teorievorming wat aan hul denkmodelle/paradigmas ten grondslag lê.* Hierdie lewensbelangrike vraag maak 'n sinvolle en geloofwaardige diskussie met die breër teologie, die folosofie, die linguistiek en literatuurwetenskap, trouens met die wetenskap in sy breedste verband, moontlik.

3 *Bybelkunde is as vormende wetenskap slegs moontlik wanneer die Bybelkundige daarin slaag om die antwoord wat sy studie-objek op die uiterste vraag na lewensin gee, op verantwoorde wyse met sowel 'n intellektuele as emosionele appèl aan sy studente deur te gee.* Die eerste taak van die Bybelkundige is dus om sy eie vooronderstellinge te analiseer en vandaar=uit vir homself 'n wetenskaplik-verantwoorde konseptuele en gevoelsmatige 'werksparadigma' te konstrueer. Slegs op hierdie wyse kan die studie-objek van die Bybelkunde op sowel die *insig* en *ervaring* van beide dosent en student appelleer (Van Huyssteen 1984(b):17).

'n Bybelkundige wat - hoe voorlopig ook al - probeer voldoen aan wat ek hier as drie 'voorwaardes' vir Bybelkunde as vormende universiteitsvak probeer formuleer het, sou dan antwoorde kon probeer vind op kernvrae wat uiteindelik die - dikwels onge=formuleerde en verswygde - basis en voorwaardes van ons vak=aanbieding vorm. Hieronder ressorteer vrae soos:

- wat is die verhouding van Bybelkunde tot die teologie, en watter soort aktiwiteit is bybelkundige/teologiese denke in werklikheid?

- wat is die ware aard van bybelkundige uitsprake en hoe verskil dit van voorwetenskaplike geloofsuitsprake en offisiële kerklike uitsprake?

- in watter mate kan Bybelkundiges aanspraak maak op weten=skapsfilosofies en hermeneuties deurdagte en geloofwaardige denkmodelle?

- wat is die herkoms en struktuur van Bybelkunde uitsprake en hoe krities bewus is die Bybelkundige van die allesbepalende proses van teorievorming wat ten grondslag van al sy uit=sprake lê?

- wat is presies die verhouding tussen die Bybelkundige se persoonlike geloofsoortuiginge/geloofservaringe en die uiteindelike teorievorming wat ten grondslag van sy denk=model lê?

- hoe rasioneel dink Bybelkundiges, met ander woorde, watter soort argumente gebruik hulle om hul standpunte en insigte vir ander oortuigend te maak?

- as oorsprongsdokument van die christelike geloof vorm die Bybel die finale fokuspunt van die Bybelkundige se akade= miese bemoeiing. Vir die Bybelkundige is die vraag na sy *Skrifopvatting* dan ook deurslaggewend: watter tipe gesag het die Bybel vir hom en watter funksie vervul dit uiteinde= lik hermeneuties ten opsigte van teorievorming in die Bybelkunde?

- hoe verantwoord die Bybelkundige hom - hermeneuties én wetenskapsfilosofies - ten opsigte van die spesifiek reli= gieuse aard van die Bybel as christelike oorsprongsdokument?

By hierdie vrae sou waarskynlik 'n verskeidenheid van verdere en uiteenlopende probleemvrae gevoeg kon word. As voorlopige antwoord op sommige van hierdie probleme, en met verwysing na wat volgens my die drie onontwykbare voorwaardes is vir die vormende aard van Bybelkunde as universiteitsvak, sou ek graag stellinggewys vir die vormende aard van ons vak enkele riglyne wou neerlê.

1 *Bybelkunde is 'n afhanklike teologiese dissipline. As sodanig het dit geen identifiseerbare, aparte vakwetenskap= like selfstandigheid nie maar het dit wel 'n funksionele selfstandigheid.* (Vgl hiervoor Van Huyssteen 1974, 4v). *As 'toegepaste teologie' omvat Bybelkunde dus in besonder 'n bestudering van die Bybel - spesifiek dus die Ou en Nuwe Testamente - vanuit 'n heel definitief gestruktureerde sistematies-teologiese perspektief.*

Sy teologiese karakter ontleen Bybelkunde aan die saak en objek en hermeneutiese werkswyse waaraan hy gemeenskaplik met die teologie gebonde is. Sy funksionele selfstandigheid blyk uit die feit dat hy 'n veel beperkter doel as die teologie het en uiteindelik gesien kan word as teologie-met-die oog op Godsdiensonderrig en Bybelkunde op skool, asook as voorbereiding vir latere meer omvattende teologiese opleiding.

Teen hierdie agtergrond blyk dan ook hoe noodsaaklik dit is dat die Bybelkunde sy objek, en daarmee sy terrein van ondersoek, noukeurig sal afbaken. Dit het reeds duidelik geblyk dat die Bybelkunde nooit losgemaak kan word van die teologie in sy wyer verband nie. Teenoor die wyer skopus

van die teologiese vakgroep is die Bybelkunde egter in eerste instansie gerig op die *inhoud* van die Bybel, wat dan vanself ontplooi in 'n bestudering van die Ou en Nuwe Testamente en daarmee noodwendig in 'n sistematiese besin= ning wat deur die saak van die Skrif sêlf opgeroep word. Die Bybelkunde is daarom gerig *op wat daar geskryf staan*. As sodanig is dit geen praktiese wetenskap nie, maar wel teoretiese wetenskap, en ook in die Bybelkunde gaan dit daarom om met alle beskikbare middele so eksak as moontlik te wete te kom wat daar *gebeur* het en waarom dit in die Bybel so *geskryf* staan. Die Bybelkunde kan hom daarom nie geïsoleerd rig op die Ou en Nuwe Testamente nie: die saak sêlf waarom dit in hierdie Boek gaan, dring hom in sy grondliggende samehang aan ons op en roep daarom om siste= matiese verheldering.

2 *Die teologiese wetenskap het 'n omvattende, universele karakter omdat dit altyd - direk of indirek - uitsprake oor God wil maak* (Vgl Van Huyssteen 1978:393v). *Vanweë sy sistematiese begronding deel die Bybelkunde sondermeer in die universaliteit van die teologiese tematiek. Hierdeur verkry die Bybelkunde 'n legitieme plek aan die universiteit en kom dit onafwendbaar in gesprek met die wetenskap in sy breedste verband.*

Soos in die teologie, dink dus ook die Bybelkunde die open= baring Gods in wetenskaplike refleksie na. As sodanig is dit sonder meer gerig op die waarheidsvraag, om dit naamlik tot op die grond te deurdink en die relevansie daarvan vir die werklikheid in sy totaliteit te onthul. In 'n poging om die vraag na die plek en betekenis van die Bybelkunde in die geheel van die universitêre opset te beantwoord, blyk dus dat die verhouding Bybelkunde-universiteit nié aksiden= teel is nie, maar wel fundamenteel. Soos in die geval van die teologie, het ook die Bybelkunde - weens sy afhanklik= heid van die teologie én weens sy funksionele selfstandig= heid ten opsigte van die teologie - 'n legitieme plek aan die universiteit. Hierdie legitimiteit is egter nie sonder meer gegee nie, maar omdat die teologie - en dus die Bybel= kunde - partisipeer aan die dialektiek van die universiteit as kultuur-historiese fenomeen, moet dit hierdie dialektiek binnetree en sodoende sy eie bestaan legitimeer. Hieruit moet blyk dat die Bybelkunde nie alleen 'n regmatige plek aan die universiteit beklee nie, maar dat daarsonder die universiteit onvolledig sal wees. As uitdrukking van 'n religieuse tradisie wat soek na waarheid en universaliteit, deel die Bybelkunde in dieselfde doelstelling as die univer=

siteit. Daaruit sal dan ook blyk dat die Bybelkunde en die universiteit, soos ook die teologie en die universiteit, wesenlik saamhoort.

Vir die Bybelkundige, wat leef en dink vanuit die persoon=like grondoortuiging dat in die God van die christelike geloof die lewende, ware God ontmoet word, is die begrip 'God' dus nie 'n toevallige, geïsoleerde óf privaat-vroom term nie: inteendeel, die begrip 'God' vorm vir die gelo=wige Bybelkundige die sleutelterm tot 'n omvattende beteke=niskompleks wat uiteindelik aan ons hele lewe en al ons ervaring sin moet gee. (Vgl Kaufman 1979:15).

Daarom: danksy die aard van die werklikheid van God waar=oor ook die Bybelkunde direk of indirek reflekteer, en danksy die tipe fundamentele eksistensiële appèl wat uit=eindelik via die Bybelse geskrifte tot ons kom, het die Bybelkunde dan 'n verpligting tot openbare, interdissipli=nêre gesprek, en daarmee ook tot die ontwikkeling van navolg=bare, insigtelik geformuleerde kriteria vir sy akademiese werksparadigma.

Om hierdie redes reeds kan Bybelkunde per definisie nooit eksklusief kerklik gebonde wees nie maar behoort dit aan die universiteit 'n breër rol van algemene kulturele betekenis te speel.

3 *Wie betrokke is by verantwoorde Bybelkunde is altyd betrokke by 'n kreatiewe daad: maar dan 'n kreatiewe denkgebeure wat bewustelik gedra word deur die tradisie waaruit die Bybel=kundige voortkom, sy eksplisiete afhanklikheid van en gebon=denheid aan die Christusgebeure wat hierdie tradisie geskep en help vorm het, én ook sy geloofsoortuiging dat slegs deur 'n verstaan van hierdie gebeure die ware sin van ons menslike bestaan ontsluit kan word.*

Die Bybelkundige leef dan ook in twee dikwels uiteenlopende wêrelde: dié van sy tradisionele geloof in God wat hom in Jesus van Nasaret openbaar het, enersyds, én die gekompli=seerde en vinnig veranderende struktuur van die hedendaagse wetenskaplike en wetenskapsfilosofiese probleembewussyn, andersyds. Die Bybelkundige wat sensitief is vir hierdie problematisering van sy denk- en leefwêreld, is hiermee voor 'n groot uitdaging geplaas: op een of ander wyse moet hy 'n konseptuele konteks vind wat sowel dit wat hy as onvervreem=bare kernelemente van sy geloofstradisie sien, as die legi=tieme en onontwykbare aansprake van die moderne probleem=bewussyn, kan omvat.

4 *Ook die Bybelkunde moet daarom steeds weer rekenskap aflê van watter plek dit inneem in die geheel van die menslike kenne.* En vir soverre dit op wetenskaplike geloofwaardigheid aan=spraak wil maak, word die Bybelkunde daarom dringend gekon=fronteer met vrae soos: wat is sy studieobjek, met ander woorde, van watter *werklikheid* spreek die Bybelkunde. Watter geloofwaardige *toegang* het dit tot hierdie saak wat dit wil uitspreek? Volgens watter *metode* kom dit uiteindelik tot die inhoudelike resultate wat dit daar wil stel?

Juis hierom mag die Bybelkunde, soos ook die teologie, hom nie onkrities aan 'n 'algemene' wetenskapsbegrip onderwerp van waaruit hy dan moet hoor hoe hy met sý besondere tema moet en mag omgaan as hy die verwyt van onwetenskaplikheid wil vryspring nie. In die eerste instansie gaan dit in die Bybelkunde om sy *objek*, en pas dán mag die vraag gevra word of daar waarlik op 'n wetenskaplik geloofwaardige wyse oor hierdie objek nagedink word. *In hierdie sin moet die Bybel=kunde, soos die teologie, meewerk aan die vraag wát vandag as 'n wetenskaplik geloofwaardige rasionaliteitsmodel aanvaar sou kon word.* Teen die agtergrond hiervan moet daarom gewaak word teen 'n positivistiese wetenskapsbegrip wat in weten=skapsfilosofiese argumentasies dikwels nog subtiel die botoon voer. Wanneer wetenskap gedefinieer sou word as 'n kennis=voortgang waarin feite vasgestel word op grond van sekere eksperimentele en logiese vooronderstellinge en reëls wie se algemene geldigheid vir almal insigtelik is en daarom (dikwels bewustelik) wêreldbeskoulik neutraal is, sou die Bybelkunde verskraal tot 'n wêreldbeskoulike ontwerp wat slegs as private oortuiging van 'n bepaalde groep 'n sinvolle funksie het. Indien dit waar sou wees, sou Bybelkunde nie meer aan die universiteit tuishoort nie.

Die ontmaskering van hierdie tipe ideologiese karakter van die positivistiese wetenskapsopvatting kan egter ook die Bybel=kundige van twee uiterstes bevry: eerstens 'n poging om paniekerig op 'n soortgelyke wyse 'n 'identiese' struktuur vir die Bybelkunde te probeer vind (byvoorbeeld wanneer op 'n oppervlakkige wyse 'n begrip soos *verifikasie* oorgeneem sou word om dan omgebuig en afgewater te word tot 'n tipe funda=mentalistiese *Skrifbewys*-metode); tweedens 'n poging om on=verstoord (ōf hiper-individualisties ōf op groepsvertroude wyse) die pad van 'n kommunikasielose ghetto-denke te loop deur doodgewoon alle verantwoordelikheid ten opsigte van wetenskapsfilosofiese grondvrae te ignoreer omdat dit hier dan tog in elk geval nie om ware teologie of Bybelkunde sou gaan nie.

Deur op hoogte te wees met die wending wat wetenskapsfilosowe soos Popper en Kuhn in die geskiedenis van die huidige weten=skapsfilosofie teweeggebring het, kan ook die Bybelkundige nou met nuwe intensiteit vra na die herkoms, en dus ook na die sosio-kulturele oorsprong en dus histories bepaalde struktuur van sy teologiese begrippe-apparaat. Veral die Kuhniaanse klem op die historisiteit en sosiologies-kulturele bepaald=heid van denkmodelle, kan dit uiteindelik moontlik maak om skerp en krities die vooronderstellinge van ons denkmodelle bloot te lê om hiermee juis helderheid te probeer kry oor die wyse waarop teologiese begrips- en teorievorming plaasvind (vgl Van Huyssteen 1983:296-311).

Hiermee word nou geensins beweer dat Bybelkundige en dus teologiese denke ten alle koste moet inpas by 'n streng wetenskaplike rasionaliteitsmodel om sodoende as 'n 'wetenskap' te kwalifiseer nie. Veeleerder word daar gesoek na 'n rasio=naliteitsmodel wat meer omvattend is as dié van die streng wetenskappe: 'n model waarin die begrip 'rasioneel' nie eksklusief deur die streng wetenskappe geannekseer hoef te word nie maar waarin die fundamentele ooreenkomste (ten spyte van verskille) tussen die kenmetodes en interpretasiewyses van wetenskap en teologie duidelik na vore kan kom (vgl ook McFague 1983:91). Uit hierdie tipe gesprek blyk steeds weer wat wetenskaplike denkaktiwiteit en teologiese refleksie in gemeen het: nie alleen die feit en belang van denkmodelle en daarmee die paradigmatiese bepaaldheid van alle teorievorming nie, maar ook die klem op die relatiwiteit en voorlopigheid van ons teorieë en ontwerpe (én daarmee saam die formulering van kriteria wat moet bepaal hoekom bepaalde teorieë *beter* is as ander).

5 *Die vraag na 'n geloofwaardige rasionaliteitsmodel vir die Bybelkunde kan dus nie ontduik óf verskraal word deur die feit dat die Bybelkunde in sy spesifieke bestudering van die Ou en Nuwe Testamente, asook daaruitvoortvloeiende sistema=tiese temas, sg 'elemente' van wetenskaplike denke bevat vir soverre as wat dit erkende eksegetiese, linguïstiese, herme=neutiese of literêre metodes hanteer nie.*

In sy geheel is die wetenskaplike grondslag van die Bybelkunde ten nouste verbonde met die *saak* waarom dit in hierdie vak gaan, naamlik die openbaring van God in die Bybel, en daarmee met die noodwendige appèl tot sistematisering en tematisering wat daar uitgaan van hierdie sentrale Bybelboodskap. Juis omdat die wetenskaplik geloofwaardige bestudering van hierdie saak in die gedrang is, kan ook die Bybelkundige, wanneer sy

taak sy erns is en hy met hierdie twyfel van die geloofwaar= digheid van sy wetenskaplike integriteit gekonfronteer word, onmiddellik aanvoel dat hy enige pretensieuse irrasionalisme moet vermy en hom daarom onmoontlik kan terugtrek in 'n bastion van "veilige" geloofsbegrippe en 'n esoteriese, ghetto-agtige teorievorming. Indien dit werklik so is dat in Jesus van Nasaret God hom finaal en afdoende openbaar het, moet juis van hierdie gebeure deur die gelowige denkende mens op verantwoorde en geloofwaardige wyse rekenskap afgelê word ten aansien van 'n kritiese en skeptiese denkklimaat.

Wat die studie-objek van die Bybelkunde betref, moet daarom gewaak word teen 'n fatale dualisme waarin God en Sy open= baring in die Bybel as objek vir die Bybelkunde gereserveer word, terwyl die res van die werklikheid aan die natuurweten= skappe, die geesteswetenskappe en die filosofie oorgelaat word vir gespesialiseerde bestudering.

Die openbaring van God kan egter nooit geïsoleerd verstaan= baar gemaak word nie (vgl Pannenberg 1972:52). Deur hom op die openbaring te beroep, spreek die Bybelkunde hom uit oor die mens èn sy situasie, en óók dus vanselfsprekend oor die wêreld en die geskiedenis - temas wat sonder meer ook objek van wetenskaplike en filosofiese uitsprake is. Kragtens sy verbondenheid met die saak waarop hy gerig is, kan die Bybel= kunde nie anders as om te vertrek vanuit die vooronderstel= ling dat die werklikheid in sy totaliteit op God betrokke is nie. En juis daarom kan geen aspek of faset van hierdie werklikheid uiteindelik afgesien van God ondersoek word nie.

Juis hier lê dan ook die wesenlike verbondenheid van die teologie, en daarmee ook van die Bybelkunde vir soverre dit vanuit sy gerigtheid op die totale Skrif tot denkende sistematisering geroep word, met die ander wetenskappe, omdat vanuit die betrokkenheid van die werklikheid in sy totaliteit op God die ganse geskape werklikheid in hierdie vakgebied ter sprake moet kom. Omgekeerd beteken dit ook dat Godsproblema= tiek nié eksklusief aan die teologie oorgelaat kan word nie. Juis daarom is die filosofie reeds eeuelank met die Godsvraag besig - sy dit ook dikwels onafhanklik van 'n vooropgestelde openbaringstandpunt. Ook egter die natuurwetenskappe staan nie los van die tema 'God' nie. Weliswaar maak die natuur= wetenskappe, weens die strenge afgrensing van sy gebied en metode geen direkte uitsprake oor God nie. Deurdat daar egter in die natuurwetenskappe verstaanbare en verklaarbare same= hange daargestel word waar vroeër die onmiddellike werking van God aanvaar is, dring dit tog die gebied van die Gods=

problematiek binne: al is dit dan dat God ôf, wat wetenskap=like argumentasie betref, geëlimineer word, ôf na 'n veilige en ongrypbare afstand 'teruggeskuif' word.

Juis as gevolg van hierdie verbondenheid met die wye veld van wetenskaplike arbeid waarin dit uiteindelik om die universele relevansie van die werklikheid Gods vir hierdie wêreld gaan, kan nòg die teologie nòg die Bybelkunde op geloofwaardige wyse aanspraak op 'n esoteriese "wetenskaplikheid" en eksklu=siewe metodes maak. Daarom moet die Bybelkunde ook rekenskap kan aflê van die sin van sy uitsprake, en dus van die begrippe-apparaat, metodes en kriteria wat dit hanteer. (Vgl Widlich 1971:381v.)

6 *Bybelkunde-vanuit-die-geloof, Bybelkunde dus vanuit 'n bewuste grondoortuiging en eksistensiële betrokkenheid op die saak wat hy wil uitspreek, beteken nié dat hierdie vak onvry gevangene word van sy eie vooronderstellinge nie.*

Insig in die *saak* waarom dit in die Bybel gaan, naamlik God en sy komende Koninkryk en die universele implikasies daarvan, open insig in die feit dat die menslike rede in die totale verhouding van God, mens en wêreld nié geëlimineer mag word ten gunste van 'n verengde geloofsvooronderstelling nie, maar in al sy voorlopigheid met die geloof geïntegreer moet word op die weg na volledige kennis. In die Bybelkunde is ons dus - anders as in die natuurwetenskappe met hulle presies-gedefinieerde werksmetodes - op dié omvang van ons redelike denke aangewys wat nié sonder meer a priori afgrensbaar en kontroleerbaar in die normaalweg aanvaarde sin van die woord is nie. In sy gerigtheid op Gods openbaring in die Ou en Nuwe Testament word die Bybelkundige daarom gekonfronteer met God as buite-teoretiese gegewe, oor wie egter tog voor=lopig (vooruitgrypend) op grond van juis die Bybel krities nagedink kan word. Hierdie konfrontasie met dit wat sy eie denke te bowe gaan, maak nog nie die Bybelkunde wetenskaplik sinloos nie. Juis die voorlopigheid van sy denke maak kritiese distansie ten aansien van dit waaroor wetenskaplik nagedink word, naamlik God en sy openbaring in sy Woord, moontlik. In hierdie sin kan dan gestel word dat 'n bewuste geloofsvoor=onderstelling nié in die weg staan van ware wetenskaplike denke nie, solank daar *metodies* rekening gehou word met die feit dat oor God en sy openbaring nié afdoende beskik kan word nie, maar vir elke tyd en elke situasie vooruitgrypend en voorlopig insigte geformuleer kan word op grond van die Bybel, as ons enigste toegangsweg tot hierdie God.

Juis hier speel dan ook die 'commitment' van die Bybelkundige, sy verbondenheid aan 'n bepaalde integrale grondoortuiging, so 'n belangrike rol. Nie alleen is hy verbonde aan bepaalde grondoortuiginge wat histories en andersins deur definitiewe groepwaardes gerugsteun word nie: reeds religieuse ervaringe *as sodanig* word bepaal deur taal en tradisie, want geen religieuse ervaring is ooit werklik pre-linguïsties óf dus pre-teoreties nie. (Vgl ook Kaufman 1979:7).

In al ons teologiese en dus Bybelkundige denkmodelle funksioneer dus keuse-imperatiewe wat direk terug te voer is na bepaalde verteoretiseerde of paradigmaties-bepaalde grondoortuiginge. Om hierdie rede dan sal ook 'n analise van ons teologiese vertrekpunte en vooronderstellinge vir ons die ware herkoms van ons teologiese teorie kan verraai. 'n Kritiese ondersoek na hierdie vooronderstellinge sou vir ons ook kon aandui of, en indien wel waar, die verteoretisering van ons grondoortuiginge outoritêre en dogmatistiese, en dus ideologiese trekke begin vertoon. (Vgl Van Huyssteen 1982:46v).

7 *Die vraag na verantwoorde metode- en teorievorming in die Bybelkunde beteken noodwendig dat ook ons teorieë oor die 'gesag van die Bybel' as 'geïnspireerde Woord van God' opnuut krities bevra moet word.*

Die Bybel self vra om in elke tyd verstaan en beter verstaan te word, en elke antikritiese biblisistiese Skrifopvatting wat vanuit vermeende piëteit poog om die Skrif te wil beveilig teen pogings om daar wetenskaplik mee om te gaan, is in stryd hiermee.

Die Bybelkundige kan daarom nie meer bekostig - indien hy intellektueel eerlik wil wees - om sonder meer aan te neem dat hy 'weet' waarvan hy praat wanneer hy die woorde 'God', 'Heilige Skrif' of 'openbaring' probleemloos gebruik nie. Juis die wyse waarop ook teologiese denkmodelle geparadigmatiseer is, maak dit vir die Bybelkundige onmoontlik om op 'n onkritiese wyse probleemloos die betekenisse van hierdie begrippe te vooronderstel. 'n Veel meer diepgaande vraag sou die kennissosiologiese vraag na die *herkoms* van hierdie begrippe wees: die vraag hoekom hierdie begrippe in die eerste plek geskep is, en op 'n bepaalde wyse gevorm en gehandhaaf word.

Daarom: nie alleen omvattende teologiese denkmodelle nie, maar ook elke teologiese en Bybelkundige begrip sélf - al kom dit ook tot ons via Skrif of belydenis - is gevorm deur

reekse tradisies en histories-bepaalde vooronderstellinge. Uiteraard word hiermee nie ontken dat die Bybelkunde as denk=aktiwiteit wél in Gods openbaring sy oorheersende fokuspunt behoort te vind nie. Wel word egter ontken dat hierdie openbaring (of liewer: ons *opvatting* oor hierdie openbaring) probleemloos as vertrekpunt vir 'n Bybelkunde program gesien sou kon word. Wanneer so 'n aanspraak wél gemaak word, kom die Bybelkunde voor sy grootste probleem te staan: die dogmatiese verideologisering van één bepaalde denkwyse. Hierdie verskynsel is op sy gevaarlikste wanneer die Bybel op grond van 'n fundamentalistiese Skrifopvatting ter legiti=mering van bepaalde ideologiese standpunte misbruik word.

Verantwoorde teorievorming oor die Bybel en sy gesag kan egter juis ontideologiserend inwerk op veral etiese en sosiaal-politiese standpuntinnames. Insig in die onvervreem=bare *religieuse dimensie* van die Bybel as geloofsboek is myns insiens hier dan 'n onontwykbare hermeneutiese voorwaarde.

8 *As afhanklike teologiese dissipline deel die Bybelkunde - bo en behalwe die spesifiek Ou- en Nuwe-Testamentiese vraag na 'n verantwoorde hermeneutiese probleembewussyn - in die breër teologiese vraag na 'n wetenskapsfilosofies geloofwaardige denkmodel.*

Enige poging om hierdie belangrike vraag te beantwoord sal moet kan aantoon:

1) wat die boustene of *minimumvereistes*[1] vir 'n geloofwaardige teologiese model van rasionaliteit is; en

2) wat die *kriteria*[1] is wat hierdie minimumvereistes tot minimumvereistes en teologiese uitsprake en teorieë tot geloofwaardige uitsprake en teorieë maak.

As *minimumvereistes* vir 'n geloofwaardige teologiese rasio=naliteitsmodel sou ek wou wien:

a) die *werklikheidsbetrokkenheid* van teologiese uitsprake en teorieë;

b) die *kritiese* en *probleemoplossende vermoë* van teologiese uitsprake en teorieë; en

---

1) Vir 'n eerste (en dus voorlopige identifisering van sodanige minimum-vereistes, vgl my "Teologie en Skrifgesag" in J W V van Huyssteen, B J du Toit, *Geloof en Skrifgesag*, Pretoria 1982, pp 41-63. Later breër uitgewerk in *Rasionaliteit en Kreatiwiteit*, p 25vv. (Word gepubliseer).

c) die *ontwerpende* en *progressiewe aard* van teologiese uit=sprake en teorieë.

As *kriteria* vir hierdie minimumvereistes sou ek wou stel:

a) teologiese uitsprake en teorieë is werklikheidsbetrokke wanneer hulle *probleme kan identifiseer* en die *herkoms* van sodanige probleme kan blootlê;

b) teologiese uitsprake en teorieë is werklikheidsbetrokke en het 'n kritiese en probleemoplossende vermoë wanneer die *oplossings* van probleme gesoek word in direkte relasie tot

   i) die *oorsprongstekste* van die Christendom, met ander woorde, die Bybel;

   ii) die *tradisie* van teologiese nadenke oor die 'kernwaar=hede' van die christelike geloof;

   iii) die *huidige ervaring* van die christelike geloof binne die konteks van die hedendaagse probleembewussyn.

c) teologiese uitsprake en teorieë het 'n ontwerpende en pro=gressiewe aard wanneer hulle *vorder deur probleme op te los* en sodoende meehelp om geloofservaring sinvol te integreer.

Indien die Bybelkundige/teoloog dus op die eie aard van die teologiese denke as kreatiewe, konseptuele konstruksie kan wys, en indien hy kan aantoon dat sy teologiese ontwerp werklikheidsbetrokke is, krities probleme kan identifiseer en ook vorder deur probleme op te los, dan het hy mins insiens daarin geslaag om die rasionaliteitsmodel van 'n intellektueel geloofwaardige teologie daar te stel.

ERRATA

p 9 reël 40:
1984(a):4v verander na 1983(b)4v

p 10 reël 16:
1984(b):17 verander na 1984:17

p 15 reël 12:
1983:296-311 verander na 1983(a):296-311

*L I T E R A T U U R L Y S*

Kaufman G 1979 *An Essay on Theological Method*, Ann Arbor: American Academy of Religion

McFague S 1983 *Metaphorical Theology. Models of God in religious language*, London: SCM

Pannenberg W 1972 Christliche Theologie und philosophische Kritik, in *Gottesgedanke und menschliche Freiheit*, Göttingen: Vandenhoeck

Tracy David 1981 *The analogical imagination: Christian Theology and the culture of pluralism*, New York: Crossroad

Van Huyssteen J W V 1974 *Wat is Bybelkunde?* Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth

Van Huyssteen J W V 1978, Teologie en Metode, in *Koers* 43,393v.

Van Huyssteen J W V & B J du Toit, 1982 *Geloof en Skrifgesag* Pretoria: NG Kerk-uitgewers

Van Huyssteen J W V 1983a Thomas S Kuhn en die vraag na die herkoms van ons teologiese denkmodelle, *Ned Geref Teologiese Tyd=skrif* XXIV, 296-311

Van Huyssteen J W V 1983b Rasionaliteit en kreatiwiteit. Ontwerp vir 'n kritiese, konstruktiewe teologie, in *Koers* 48, 185-213.

Van Huyssteen J W V 1984 *Belydenis as denkmodel. 'n Teologie tussen insig en ervaring* (in voorbereiding)

Widlich, W 1971 Zum Begriff Gottes im Felde zwischen Theologie, Philosophie und Naturwissenschaft, *Zeitschrift für Theolo=gie und Kirche* 68, 381v.